
# INSIG

April 1994 · R5,60 (BTW ingesluit)



## Wat nou AWB?

**Verkiesing: Kenners voorspel vir oulaas**

**Hoekom Aussies so vloek**

**Wanneer lewe erger is as dood**

**KOMMENTAAR**

6. Jy ook, Brutus!

**6 en 7 BRIEWE**

**POLITIEKE RUBRIEKE**

8. Hulle leef buite die wet
**Willie Kühn**
ANC moet mense inlig
**Louis Oosthuysen**

**BOP-FIASKO**

9. Begin van die einde vir AWB - of begin van nog wilder avonture?
**P.E. van Reenen**

**SPORTMANGEES**

12. Daai was darem f..... close, né Ump?!
**Fritz Joubert**

**VERKIESING**

14. 'n Kanada of Sowjet is ons voorland
**Jan du Plessis**
15. Wiskundig gesien, kry ANC swaar
**Dyson Hopkins**

Realiteit sonder glans
**Deon Geldenhuys**

16. As NP 20% wil haal...
**Ebbe Dommisse**
Peilings se verhaal

**GODSDIENS**

17. Die Boer, sy God en sy politiek
**Sophia du Preez-Swart**

**TRAUMA**

20. Dooies begrawe ons, maar wat van dié wat bly lewe?

22. Die angs, die nagmerries word te veel om te dra
**Petrovna Metelerkamp**

**BUITELAND**

24. Skandaal-albatros om Clintons se nek
**Freek Swart**

**AFRIKA**

26. Min "Goodwill" vir Afrika-konings
**Lucas de Lange**

**GELDSAKE**

28. Soek vir jou 'n kenner uit
**Nico Swart**

**ONDERHANDELINGE**

29. Tyd sal moet sê hoekom NP soveel weggegee het
**Baron Klaus von der Ropp**


Alle politieke berigte in dié uitgawe word verantwoord deur W.J. Wepener, Media-Sentrum, Herbstraat 2, Nieu-Doornfontein, Johannesburg.


**OORSIG oor die kunste**

30. Om gesig te verloor in 'n portret
**Amanda du Preez**

32. Picasso die beeldhouer en Picasso die skilder ontmoet mekaar
**Judy Olivier**

**ROLPRENTE**

34. Los net my Julia uit
**Kerneels Breytenbach**

**BOEKE**

'n Uittreksel word vandeesmaand geplaas van Willem D. Kotzé se nuwe roman, *T'sats van die Kalahari*.
Tom Gouws bespreek Abraham Phillips se nuwe roman, terwyl Heilna du Plooy Elsa Nolte se opstelbundel, *Veelluik*, bespreek. Enkele gedigte uit Johann Johl se nuwe bundel, *Roulet*, word ook gepubliseer.

34. Dié *Winter* is 'n reis na die siel van die mens
**Paul Boekkooi**

35. Wie sê goeie meisies ry perd?
**Kerneels Breytenbach**

**TONEEL**

36. Twee stukke wat jou laat meeleef
**Paul Boekkooi**

**HUMOR**

37. Sal die nuwe (swart) miesiese ook so kla oor hul (wit) huishulpe en tuinboys?
**Albert Crafford**

**VIR DIE FYNPROEWER**

38. Só skaam vir jou eie goed!
**Andrew Marais**
Dit is hoe die paradys proe
**Loraine Fuller-Drury**
Voggies laat die aarde beef
**Neil Hutchinson**

40. **OU EN MOOI DINGE**

**SKILDERS VAN ONS EEU: 12**
42. *Uit die web nr. 7* deur Jackson Pollock
**Katinka Kempff**



INSIG

Redakteur:
W.J. Wepener

Eindredakteur:
Cas van Rensburg

Kunsredakteur:
Paul Boekkooi

Diepte-artikels:
Grietjie Odendaal
Petrovna Metelerkamp

Politieke medewerkers:
Willie Kühn en Louis Oosthuysen

Redaksionele assistent:
Rita Muller

Sindikasie:
June Botha en Judy Olivier (Londen)

Hoofbestuurder:
Freddie Steyn

Bemarking:
Hannes Halvorsen

Advertensies:
Moos van Rensburg

Adres:
Media-sentrum,
Herbstraat 2,
Nieu-Doornfontein 2028

Posadres:
Insig
Posbus 53171
Troyeville
2139

Telefoon:
(011) 402-6372
Faksnommer:
(011) 404-2034

Eienaar en uitgewer:
Insig: 'n Afdeling van Nasionale Media beperk, Voorhoutstraat 31, Doornfontein. Reg. no. 05/38385/06

Intekengeld:
Suid-Afrika en Namibië: R53 per jaar. Buiteland: Op navraag.

Intekenare: Bertie van Wyk, Nasionale Tydskrifte, Gratispos CT409, Kaapstad 8000
Tel. no.: (021) 406-2362
Faksnor.: (021) 406-2936
Tolvrynommer: 0800222228
Praat met Anchen Theron

Verspreiding:
Nasionale Nuusdistribueerders, Herbstraat 2, Nieu-Doornfontein 2028.
Tel no.: (011) 402-1205

Drukkers:
KNL Printing (Edms.) Bpk. Isando

# Tyd sal moet sê hoekom NP soveel weggegee het

Westerse waarnemers en bemiddelaars het lank voor die onderhandelingsproses besef dat onaantasbare waarborge vir die voortbestaan van die Afrikaner die sleutel is tot politieke en ekonomiese stabiliteit in die Nuwe Suid-Afrika. Hoe is dit moontlik dat die Afrikaner-onderhandelaars nie hierdie en ander kernvoorwaardes suksesvol kon beding nie, vra baron KLAUS VON DER ROPP, Duitse kenner van Suid-Afrikaanse politiek in die artikel hieronder.

NIE sonder verbasing nie, het ons middel November 1993 in Duitsland kennis geneem van die besonderhede van die tussentydse grondwet waarop die onderhandelende partye van Suid-Afrika ooreengekom het

Saam met Joe Slovo in sy artikel "The negotiations victory" in *The African Communist*, einde 1993, moes ons tot die gevolgtrekking kom dat die ANC/SAKP-alliansie min of meer gekry het wat hy wou hê, en dat pres. F.W. de Klerk en sy span onderhandelaars Kempton Park met leë hande verlaat het.

In amptelike verklarings en uit die baie gesprekke wat ons in die vroeë negentigerjare in Duitsland met hoë ampsdraers van die NP en die Suid-Afrikaanse regering gevoer het, het ons afgelei dat, anders as in voormalige kolonies soos Zimbabwe, Namibië, Angola en Mosambiek, meerderheidsregering nie die antwoord vir Suid-Afrika is nie. Hierdie siening is gedeel deur die inisieerders van die Brits-Amerikaans-Sowjet-bemiddelingsdiplomasie, wat De Klerk se breuk met die Republiek se geskiedenis van rassisme voorafgegaan het.

Sowel ambassadeur Robin Renwick van Brittanje as Chester Crocker, Amerika se assistent-sekretaris van buitelandse sake belas met Afrika, het besef dat sekere demokratiese aspekte opgeoffer sal moet word in die belang van stabiliteit in post-apartheid Suid-Afrika.

Saam met Otto Lambsdorff, die (Duitse) voorsitter van Liberal International, sou Renwick en Crocker ook besef het dat rotsvaste waarborge vir die voortbestaan van Afrikaners die sleutel is tot politieke en dus ekonomiese stabiliteit in post-apartheid Suid-Afrika.


Minstens tot en met die ondertekening van die "Protocol of Understanding" deur die ANC en die NP in September 1992 was 'n stelsel van permanente magsdeling op nasionale en streeksvlak, sowel as sterk federale strukture, sleutelelemente van die NP se program. Toekomstige historici sal moet vasstel waarom min. Roelf Meyer en sy kollegas van die NP en die regering nie daarin geslaag het om hierdie standpunte te handhaaf nie.

Wat maak dit onmoontlik om te hoop dat die tussentydse grondwet sal werk? Wat maak die dikwels uitgesproke vergelykings met die ontwikkeling van 'n demokratiese kultuur in die destydse Wes-Duitsland totaal onoortuigend en selfs belaglik? Soos Graaf Lambsdorff vroeg in April 1993 in 'n toespraak by die Instituut vir Rasse-verhoudinge in Johannesburg uitgewys het, was die omstandighede van die twee lande heeltemal verskillend: Wes-Duitsland het eers op die dag van hereniging met Oos-Duitsland in Oktober 1990 'n soewereine staat geword. Voorheen, van 1945 tot 1990, was dit militêr beset deur Amerika, Brittanje en Frankryk; en dit was onder hierdie sambreel dat 'n demokratiese kultuur kon ontwikkel. Met ander woorde, daar was 'n oorgangstydperk van 45 jaar! En 'n mens moenie vergeet nie dat Duitsland toevallig ook 'n land is met 'n besonder homogene bevolking.


Deur onderhandelinge met die AVF in Augustus 1993 te begin, het die ANC getoon dat hy besef dat die De Klerk-regering net namens sekere blanke Afrikaners kan praat. Nelson Mandela en sy kollegas het geweet dat soveel moontlik lede van die AVF (en indien moontlik ook van die dikwels oorskatte IVP) in die grondwetlike bedeling ingesluit moet word om minstens twee redes: Vir eers omdat hulle met hul massiewe steun in die burgermag, in die kommando's, in die polisiereserwes en die land se burokrasie, en hul latente steun in die staande magte die geboorte van die nuwe Suid-Afrika kan saboteer. En, ten tweede, omdat verwag kan word dat die ANC (en sy junior vennote) vir baie lang jare Suid-Afrika sal moet beheer met drakoniese noodmaatreëls. En vir die afkondiging en handhawing van 'n noodtoestand is die veiligheidsmagte en burokrasieë se gewilligheid om dit in werking te stel noodsaaklik. □

*As die beste Franse châteaux dit doen, dan kan ons ook.*

Dit het vier jaar geneem om die volmaakte grondstruktuur op Le Bonheur te verkry. Hierdie struktuur is gebaseer op dié van die beroemde wingerde van Frankryk. Daarna is die top-presterende variëteite uitgesoek, almal deur kloon-keuring vervolmaak met die oog op wat die beste in die landgoed se grond en klimaat sou aard.



Maar dít is net die begin. Met oestyd word die druiwe versigtig gepluk en in klein mandjies geplaas om te voorkom dat hulle kneus – en dan met die hand gesorteer, volgens die gebruik van die beste Franse châteaux. Per slot van sake, as hulle met soveel sorg hul edelwyne maak, dan kan ons mos ook ...



**Le Bonheur Blanc Fumé**
Hierdie nie-houtverouderde Sauvignon Blanc, met sy geweldig komplekse geurspektrum, tel sekerlik onder die Kaap se voortreflikste witwyne.

**Le Bonheur Chardonnay**
'n Ryk, droë witwyn met die tipiese suurlemoen-naeltjie karakter, eikenuanses en talmende nasmaak van 'n puik Chardonnay.

**Le Bonheur Cabernet Sauvignon**
Hierdie barrique-verouderde rooiwyn is vrugtig en kompleks; volrond maar tog sag. Die ideale metgesel by fynproewerskos.

**NUUT** **Le Bonheur Prima**
'n Elegante rooi versnit van Merlot (75%) en Cabernet Sauvignon (25%) wat in nuwe barriques verouder is. Die sagte, bessie-vrugtegeur word stewig ondersteun deur tannien vir verdere bottelveroudering.

LE BONHEUR

**LANDGOEDWYN VAN OORSPRONG – STELLENBOSCH**

Gemaak op die wynlandgoed – landwyd en internasionaal bemark deur Die Bergkelder

**DIE WYNKENNER SE WYN**

LBW 011A